

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

**RIGLYNE VIR
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK
GRAAD 10
2011**

INSTRUKSIES VIR LEERDERS

WAT IS DIE PAT?

Die PAT is 'n navorsingsprojek wat jou die geleentheid sal bied om jou inligtingsbestuursvaardighede te demonstreer. Daar sal ook van jou verwag word om jou vermoë om die toepassingspakkette wat jy gedurende die jaar bestudeer het, te demonstreer om sodoende kwaliteit produkte te lewer in die vorm van:

- 'n Stel vrae (Sien Aanhangsel A)
- Evaluering van webtuistes (Sien Aanhangsel B)
- Tien voltooide opnamevorms (Sien Aanhangsel C)
- 'n Feiteblad aangaande die gevare waarmee gebruikers van IKTs gekonfronteer word
- 'n Aanbieding wat jou bevinginge opsom

Die PAT word in twee fases (dele), op tye soos deur jou onderwyser bepaal, gedoen.

Omdat die PAT 25% van jou finale punt vir RTT tel, is dit uiters belangrik dat jy daarna streef om werk van hoë gehalte te lewer.

ONDERWERP

Meeste Suid-Afrikaners het toegang tot een of meer vorm van Inligting-en-kommunikasietegnologie. Dit beteken dat baie mense maklike toegang tot die Internet het deur of 'n rekenaar te gebruik of meer dikwels, deur selfoontegnologie. Baie gesinne het ook rekenaars tuis. Baie skole het rekenarsentrums met Internetgoegang. In ander gemeenskappe is Internettoegang beskikbaar deur middel van gemeenskapsentrums soos biblioteke.

Hierdie gemak waarmee toegang to IKTs verkry word, bring ongelooflike voordele, maar het ook 'n aantal gevare vir niksvermoedende gebruikers. Die onlangse verspreiding van 'n pornografiese video deur leerders van 'n hoërskool in Suid-Afrika is 'n goeie voorbeeld.

Laat ons aanneem dat jou Lewensoriëntering(LO)-onderwyser die Graad 10 RTT leerders gevra het om 'n feiteblad oor die **aanlyn**gefare wat IKT-gebruikers in die gesig staar, saam te stel. In hierdie feiteblad moet jy verslag doen aangaande die verskillende tipes gevare wat gebruikers van IKTs in die gesig staar. Jy moet van 'n verskeidenheid bronne, insluitende die Internet, gebruik maak om inligting te vind. Jou feiteblad moet ook 'n lys wenke oor aanlynveiligheid insluit. Die LO-onderwyser gaan jou feiteblad vir die Graad 8 leerders gebruik.

Daarbenewens vra die LO-onderwyser ook dat jy jou bevindinge in 'n aanbieding opsom wat sy kan gebruik om die onderwerp in die Graad 8 klas bekend te stel.

TAKE

Die projek moet in twee fases (dele) gedoen word.

FASE 1

In hierdie fase moet jy:

- Definieer in jou eie woorde presies wat jy moet doen.
- Stel 'n lys met vrae saam wat jou met jou navorsing kan help (met behulp van jou klas en jou onderwyser).
- Maak gebruik van die Internet om inligting te vind.
- Doen 'n opname (wat aan jou in Aanhangsel B voorsien is) en gebruik ten minste 10 mense.
- Maak gebruik van ten minste EEN ander bron om inligting te vind.
- Som die inligting wat jy op die Internet, met die opname en ander bron(ne) gevind het, op

FASE 2

In hierdie fase moet jy:

- Som die data op en analiseer die data wat jy met die opname ingesamel het deur 'n sigblad te gebruik.
- Skep die feiteblad en maak gebruik van goeie woordverwerkingstegnieke.
- Berei 'n lewendige aanbieding wat geskik is vir 'n Graade 8 Lewensoriënteringsklas voor.

Jy moet hierdie projek voltooi en indien voordat jy met jou einde-van-die-jaar-eksamens begin.


Indien jy nie jou PAT inhandig nie, beteken dit dat jou punte onvolledig is en dit sal jou finale punt en jou bevordering na die volgende graad beïnvloed.

INSTRUKSIES VIR DEEL 1

Hierdie fase van die PAT bestaan uit drie afdelings. Jy moet jou eie, oorspronklike werk inhandig. Jy moet jou maats en jou onderwyser raadplaag om seker te maak dat jou PAT van hoë gehalte is.

DEFINIEER DIE TAAK

1. Skep 'n geskikte lêerstruktuur soos die een hier onder om jou werk te stoor. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy 'n rugsteunkopie van al jou werk het.



2. Skep 'n fase 1 woordverwerkingsdokument waarin jy al jou werk vir hierdie fase kan aanteken. Voorsien die dokument van 'n betekenisvolle lêernaam soos *Fase 1 Werksdokument*. Stoor dit in die Fase 1 lêergids.
3. Om seker te maak dat jy verstaan waarom jy hierdie projek doen, moet jy dit wat jy moet doen in jou eie woorde definieer. Dit word die taakdefinisie genoem. Gebruik die volgende vrae om jou te help om jou eie taakdefinisie neer te skryf.
 - **Hoekom** doen jy die navorsing?
 - **Watter** inligting moet jy vind?
 - **Waar** gaan jy die inligting vind wat jy gaan nodig hê?
 - **Vir wie** is die inligting bedoel?
 - **Hoe** moet jou inligting aangebied word?
 - **Wanneer** moet die **taak** voltooi wees?

VRA VRAE WAT JOU ONDERSOEK SAL RIG

4. **As 'n klas**, hou 'n dinkskrum om sommige opskrifte te identifiseer wat julle kan gebruik om julle inligting te organiseer. Julle sal ook, as 'n **klasaktiwiteit**, 'n lys vrae saamstel wat sal help om die navorsing te rig.

Voorstelle om jou te help

- Internetbedreigings
 - Skadelike e-pos
 - Kuberboelie
 - ???
- Verslawing aan
 - Rekenaarspeletjies
 - Sosiale netwerke
- ???

As 'n klas, besluit watter opskrifte en vrae toepaslik is.

Kies nou jou **eie** versameling opskrifte en vrae uit die wat deur die klas voorgestel is.

VERSAMEL INLIGTING EN SOM DIT OP

5. Kies ten minste **drie** van die opskrifte waarop die klas ooreengekom het. Vir **ELKE** opskrif, kies vrae vanuit die lys wat die klas voorberei het. Voltooi 'n tabel soos die een in Aanhangsel A (sien die voorbeeld onder). Begin elke opskrif op 'n nuwe bladsy van jou woordverwerkingsdokument. Jy is welkom om vrae van jou eie by te voeg, sou jy wou. Jy moet ten minste 10 (tien) vrae kies. Jy moet die **Internet** en ten minste **EEN** ander bron gebruik.

AANHANGSEL A

Opskrif: _____

No.	Vraag	Moontlike bron
1		
2		
3		
4		
5		
...		

FIGUUR 1: VOORBEELD VAN DIE TABEL IN AANHANGSEL A

6. Vir elke **Internet bron**, voltooi die tabel soos die een in Aanhangsel B. Jy mag nie enige inligting vanaf die webtuiste na jou dokument kopieer-en-plak nie. Indien jy dit doen, sal jy geen punte vir hierdie deel van die taak kry nie. 'n Lys van moontlike webtuistes word in Aanhangsel C gegee.

Stoor 'n kopie van elke webtuiste in die Gestoorde Webtuistes **lêergids**.

AANHANGSEL B

Titel van webtuiste	Skrywer of uitgewer van die webtuiste	URL	Datum opgedateer	Kort opsomming (in eie woorde) van die inligting op die webtuiste	Betroubaar? (Ja/Nee)

FIGUUR 2: VOORBEELD VAN DIE TABEL IN AANHANGSEL B

7. Vir die ander bron(ne), maak 'n opsomming van die inligting wat jy gevind het op 'n nuwe bladsy van jou fase 1 dokument. As deel van die opsomming, teken al die inligting wat jy mag nodig kry om 'n verwysingslys te skep, aan. Maak seker dat jy bewyse het van die bron(ne) wat jy gebruik het.
8. Jou onderwyser sal tien kopieë van die opnamevorm (sien Aanhangsel D) aan jou voorsien. Handig die opnames aan ten minste tien mense uit. Neem dit in sodra dit voltooi is en bewaar dit in 'n veilige plek.

Sodra jy hierdie deel van jou projek voltooi het, handig jou hele PAT-lêergids in. Jy moet ook 'n lêer of plastiekkoevert wat jou voltooide opnamevorms en enige ander bewyse wat jy nie elektronies kon stoor nie bevat, inhandig.

Die volgende moet in jou fase 1 lêergids wees:

- 'n **Enkele** dokument wat in 'n woordverwerker geskep is, met
 - Jou taakbeskrywing
 - 'n Tabel (Aanhangsel A) vir elk van die drie opskrifte wat jy gekies het
 - Aanhangsel B, voltooi vir al die webtuistes wat jy gebruik het
 - 'n Opsomming van enige ander bewyse wat jy gebruik het.

Jou onderwyser sal die datum voorsien waarop jy jou werk moet inhandig.

INSTRUKSIES VIR FASE 2

Daar is drie dele in hierdie **fase**.

- Analiseer die resultate van die opname deur 'n sigblad te gebruik.
- Tik die feiteblad deur van 'n woordverwerker gebruik te maak.
- Berei 'n aanbieding voor deur van 'n aanbiedingsprogram soos PowerPoint of Impress gebruik te maak.

ONTLEED DATA

1. Ontleed die resultate van die opname in 'n sigblad.
 - Lê die resultate van die opname in 'n geskikte formaat vas.
 - Jou onderwyser sal leiding gee hoe om dit te doen.
 - Maak gebruik van geskikte formatering om seker te maak dat enige persoon die resultate maklik sal kan interpreteer.
 - Gebruik formateringseienskappe soos kleur, rame, woordomvou en style.
 - Maak seker dat kolom- en/of ry-opskrifte verskillend van ander data geformateer is.
 - Gebruik formules en/of funksies om resultate op te som.
 - Jy mag dalk meer van die COUNTIF()-funksie moet uitvind.
 - Gebruik 'n kolom/balkgrafiek of 'n sirkelgrafiek in die sigblad om
 - Data grafies op te som.
 - Jy moet ten minste EEN grafiek hê, hoewel meer baie waardevol sal wees.
 - Jy moet hierdie grafieke in jou feiteblad en aanbieding gebruik.
 - Pas dit wat jy in Wiskunde omtrent die skeep van grafieke geleer het, toe wanneer jy grafieke skeep.
2. Stoor die sigblad in jou Fase 2 lêergids. Maak seker dat jy 'n betekenisvolle lêernaam soos *Opnameontleding*, gebruik.

FEITEBLAD

1. Skeep 'n dokument in die woordverwerker. Stoor hierdie dokument in die Fase 2 lêergids deur 'n betekenisvolle lêernaam soos *AanlyngevaarFeiteblad*, te gebruik
2. Pas die woordverwerkingsvaardighede wat jy deur die jaar geleer het, toe en skeep 'n kwaliteit dokument. Neem kennis van die stylgids – sien Aanhangsel E.
3. Jou feiteblad moet uit die volgende bestaan
 - Titelbladsy
 - Die volgende opskrifte moet gebruik word
 - Inleiding
 - Die eerste opskrif wat jy in Fase 1 gekies het
 - Som die inligting wat jy in Fase 1 gevind het, op.
 - Die inligting wat jy gee MOET in jou eie woorde geskryf word.
 - Jy sal swaar gepenaliseer word indien jy groot dele teks direk van die Internet kopieer en plak. Plagiaat is totaal onaanvaarbaar.
 - Die tweede opskrif wat jy in Fase 1 gekies het

- Som op soos vir die vorige opskrif
- Die derde opskrif wat jy in Fase 1 gekies het
 - Som op soos tevore
- Opsomming van opname-resultate
- Wenke vir veilige IKT gebruik
 - In hierdie afdeling moet jy 'n lys wenke, wat deur leerders (van enige ouderdom), onderwysers en ouers gebruik kan word, voorsien.
 - Integreer die inligting wat jy gevind het.
 - Wees oorspronklik en kreatief.
- Lys van verwysings.
 - Maak gebruik van of die Harvard of die APA verwysingstyle.
 - Die inligting wat jy nodig het kan in die opsommingsdokument wat jy in Fase 1 geskep het, gevind word.
- Jy is welkom om enige addisionele opskrifte by te voeg indien jy sou wou.
- Voeg betekenisvolle grafika en/of grafieke in die dokument in.
 - Die grafika en/of grafieke moet waarde toevoeg tot die dokument.
 - Grafika wat vanaf die Internet verkry is, moet erkenning verleen word.
- Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om bladsynommer in die bladsy-onderskrif in te voeg. Bladsynommers moet nie op die titelblad gebruik word nie.

AANBIEDING

1. Skep 'n aanbieding in 'n aanbiedingsprogram. Stoor dit in jou Fase 2 lêergids en gebruik 'n betekenisvolle lêernaam soos *Graad 8 LO Aanlyngevore*.
2. Jou aanbieding moet ten minste die volgende skyfies bevat
 - 'n Titelskyfie
 - Skyfie met inhoudsopgawe
 - Inleiding
 - Opskrif 1 van fase 1
 - Opskrif 2 van fase 2
 - Opskrif 3 van fase 3
 - Resultate van opname
 - Wenke vir veilige **aanlyn** IKT-gebruik
3. Die aanbieding moet 'n opsomming wees. Groot gedeeltes teks word nie benodig nie. Jy moet nie slegs dit wat jy in die feiteblad het, kopieer en in die aanbieding plak nie. Jy sal swaar gepenaliseer word indien jy dit sou doen.
 - Maak seker dat jou aanbieding 'n konsekwente voorkoms het.
 - Soortgelyke elemente op 'n skyfie soos opskrifte moet op dieselfde wyse geformateer word.
 - Skyfies moet dieselfde agtergrond hê.
 - Die teks op elke skyfie moet maklik wees om te lees wanneer dit in die klaskamer geprojekteer word.
4. Voeg grafika en/of grafieke by waar toepaslik.
5. Kies 'n toepaslike oorgangseffek en pas dit op alle skyfies toe, behalwe op die titelskyfie.

6. Gebruik geskikte animasie – op **nie meer as een** element per skyfie nie.
- Dit word nie as goeie styl beskou om animasie op opskrifte te gebruik nie.
 - Onthou dat die aanbieding in die klas deur die onderwyser gebruik gaan word, so maak seker dat die animasie wat jy gebruik nie die leerders se aandag sal aftrek nie.
 - Die tydsberekening van die aanbieding moet deur die onderwyser beheer kan word. Dit moet nie outomaties uitvoer nie.

Sodra jy hierdie deel van jou projek voltooi het, handig jou hele lêergids in. Maak seker dat die sigblad, feiteblad en aanbieding korrek gestoor is. Jy moet ook 'n lêer wat die voltooide vraelyste asook enige ander bewyse wat jy nie elektronies kon stoor nie, bevat, inhandig. Jou onderwyser sal die datum waarop alles ingehandig moet word, aandui.

Jy moet hierdie projek voltooi en indien voordat jy met jou einde-van-die-jaar-eksamen begin.

AANHANGSEL A

Opskrif: _____

No.	Vraag	Moontlike bron
1		
2		
3		
4		
5		
...		

AANHANGSEL B

Titel van webtuiste	Skrywer of uitgewer van die webtuiste	URL	Datum opgedateer	Kort opsomming (in eie woorde) van die inligting op die webtuiste	Betroubaar? (Ja/Nee)

AANHANGSEL C

MOONTLIKE WEBTUISTES FIR GRAAD 10 PAT 2011

Titel van webtuiste	URL
Dangers of computers	http://www.123helpme.com/view.asp?id=61211
Kids and computer danger	http://quazen.com/kids-and-teens/school-time/kids-and-computer-danger/
Internet Safety: Safe surfing tips for teens	http://kidshealth.org/teen/safety/safebasics/internet_safety.html
cyber-bullying	http://www.e4africa.co.za/?tag=cyber-bullying
Cyber-bullying stories	http://cyberbullyingstories.org/
Sex tapes 'tip of iceberg'	http://www.timeslive.co.za/local/article780310.ece/Sex-tapes-tip-of-iceberg
FPB welcomes Vodacom blocking site	http://www.timeslive.co.za/scitech/article779846.ece/FPB-welcomes-Vodacom-blocking-site
STOP Cyberbullying	http://www.stopcyberbullying.org/index2.html
Computer addiction	http://en.wikipedia.org/wiki/Computer_addiction
How computer addiction works	http://computer.howstuffworks.com/internet/basics/computer-addiction.htm
Computer game addiction	http://computergameaddiction.net/
Computer game addiction – Parents, prevention and solutions	http://hubpages.com/hub/Computer-Game-Addiction---Parents--Preventions-and-Solutions
Children at risk of online bullying	http://mg.co.za/article/2011-02-04-children-at-risk-of-online-bullying/
Mean girls get meaner online	http://mg.co.za/article/2011-01-21-mean-girls-get-meaner-online/
Cyber-bullying common among Japan's children	http://mg.co.za/article/2008-04-16-cyberbullying-common-among-japans-children/

AANHANGSEL D

OPNAME

Dit sal waardeer word as u die tyd sal neem om hierdie opname te voltooi. Die inligting sal vertroulik hanteer word. Jy hoef nie jou naam te gee nie.

Skryf jou antwoord in die spasie wat voorsien word.

Geslag: _____ (M vir manlik, V vir vroulik)

Ouderdom: _____ (In jare)

Kuberboelie is besig om 'n probleem vir Suid-Afrikaanse tieners te raak.

Anwoord 1 vir Ja en 2 vir Nee.

Het u al van kuberboelie gehoor?

Ken jy enige iemand wat al 'n slagoffer van kuberboelie was?

Was jy self al 'n slagoffer van kuberboelie?

Rekenaarspeletjies kan op 'n persoonlike rekenaar, skootrekenaar, selfoon of speletjiekonsole gespeel word.

Speel jy rekenaarspeletjies?

Het jy al ooit sonder 'n maal gegaan as gevolg van rekenaarspeletjies?

Hoeveel ure per dag spandeer jy aan rekenaarspeletjies?

(Gee jou antwoord tot die naaste uur)

ure

Raak jy angstig indien jy nie toegang tot die Internet vir meer as een dag het nie?

Dankie dat u die opname voltooi het.

AANHANGSEL E

STYL-RIGLYNE VIR WOORDVERWERKINGSKODUMENTE

TITELBLAD

- Teks moet beide vertikaal en horisontaal op die bladsy gesentreer wees.
- Teks moet **getik** wees deur fontgrootte van ongeveer 20 pt te gebruik.
- Dit moet die enigste bladsy wees waar jy 'n bladsyraam gebruik.
- **Moenie** Word Art/Text Art gebruik nie.

OPSKRIFTE

- Fontgrootte moet 16 tot 18 pt wees.
- Gebruik 'n sans serif font soos Arial of Comic Sans vir opskrifte.
- Gebruik fontstyle, kleur en paragraafspasiëring om seker te maak dat opskrifte duidelik van ander teks uitstaan

LIGGAAMSTEPS

- Gebruik 'n serif font soos Times New Roman of Cambria.
- Font-grootte moet nie groter as 12 pt en kleiner as 10 pt wees nie.

BLADSY-UITLEG

- Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om bladsynommers by te voeg.
- Gebruik bladsybreke om teks op 'n nuwe bladsy te begin.
- Gebruik die ingeboude opskrifstyle sodat alle opskrifte op dieselfde manier geformateer is.
- Gebruik die ingeboude stylfunksie sodat alle liggaamsteks op konsewente wyse geformateer is. Liggaamsteks moet verskillend wees van opskrifte.
- Gebruik gereedskap soos die *Format Painter/Paintbrush* om meer effektief te werk.